SLAAG AS DOMINEE

EN DRUIP AS CHRISTEN?

CASSIE VENTER

Prof Cassie Venter is die hoof van die Departement Praktiese Teologie van die Potchefstroomse Universiteit.

BELYDENIS

Laat ek dadelik met 'n belydenis begin. Ek was onseker of ek oor hierdie onderwerp moes skryf, omdat die opskrif na 'n teëstelling klink. Immers: hoe kan iemand 'n dominee wees, selfs 'n goeie dominee, en nie 'n toegewyde Christen nie? En tog moet elke dominee en teologiese dosent bely dat die aaklige moontlikheid wel bestaan dat iemand dalk dink: Ek kan slaag as dominee, en tog soms druip as Christen. Ons lees meermale hiervan in die koerante en dit trek soos skokgolwe deur gemeentes, 'n teologiese skool of 'n kerkverband. 'n Opmerking soos: "Ons dominee het verlede Sondag nog vir ons gepreek, en kyk net wat lees ons vanoggend in die koerant!", is seker vandag nie totaal vreemd in ons kerke nie. So iets slaan dikwels 'n gemeente plat en werk verwoestend in 'n pastorie. Die skande bring diep binnepyn in 'n pastoriegesin en vrees om gemeentelede in die oë te moet kyk. En dit alles het dalk begin by die persoonlike geloofslewe van die dominee wat begin sink het.

In onlangse vakliteratuur word met verskillende terme gepraat oor die saak van die persoonlike geloofslewe van 'n bedienaar. Sommige outeurs praat van die spiritualiteit van die predikant. Maarten Luther het nogal 'n beskrywende uitdrukking gebruik deur te praat van die bedienaar (en elke gelowige) se lewe as 'n lewe Coram Deo. Hierdie uitdrukking beteken letterlik om te leef onder die oë van die Here, in die teenwoordigheid van God te staan - elke oomblik van elke dag. Hierdie lewe voor die Here is die fondament steen van ons verhouding met Hom en van die optrede teenoor ons naaste, teenoor ons gesinne en in die kerk.

NUWE TESTAMENT

In die Nuwe Testament word nogal veelseggende uitdrukkings gebruik om die bedienaar se lewe voor God te verwoord. In 1 Timoteus 4:7-8 word die term godsvrug gebruik. Hierdie woord het die nuanse van toewyding, eerbied, vroomheid, ersoonlike godsdiens – 'n onontbeerlke vereiste vir 'n getuie van Christus.

'n Verdere aspek kom na vore in die uitdrukking dat die bedienaar heilig moet lewe (2 Tim 1:9). Heilig beteken nie sonder sonde nie, maar eerder afgesonderd om vir die Here in persoonlike toewyding te lewe. Heiligheid kom na vore in die gedrag van die dominee wat weer iets weerkaats van die heiligheid van God. Heiligheid het dus nie primêr te doen met 'n soort gedrag van roer nie, raak nie, smaak nie en is dus nie soos trappe in die voortgang na perfeksionisme nie. Heiligheid is eerder 'n deur tot die beoefening van gemeenskap met God. Dit is juis veelseggend dat in Hebreërs gestel word dat niemand die Here sal sien sonder heiligheid, ook in die persoonlike lewe nie.

GROEI

In hierdie verband is dit ook nodig om te wys op die groei in die geloofslewe van 'n bedienaar. Dit is 'n kernwaarheid wat Paulus ook aan Timoteus voorgehou het: "Lê jou op hierdie dinge toe, leef daarin sodat almal jou vordering kan sien." Hierdie groei is onlosmaaklik verbonde aan die omgang met en hantering van die Woord van God. Dit is ironies dat die gebrek aan groei in 'n bedienaar se geloofslewe eerste raakgesien word in die wyse waarop hy die Woord in sy eie lewe hanteer. Tewens, as 'n bedienaar nie self in sy verhouding met God groei nie, hoe kan hy dit van die gemeente verwag? Dit is voorts opmerklik dat Paulus op hierdie woorde laat volg: "Let op jouself en jou leer…" Die gevolgtrekking is dus geregverdig dat dit juis in die lewe van die bedienaar eerstens gaan om die sorg vir die groei in sy eie geloofslewe. Hierdie groei gaan die ander dimensies van bedieningswerk vooraf. Sonder gereelde selfondersoek, berou en terugkeer na God, staan die bedienaar daarvoor oop om te dink hy slaag as bedienaar . . . en tog word gedruip in die geloof.

In een van ons formuliere vir die bevestiging van bedienaars word dan ook die uitdrukking gebruik: ". . . jouself oefen in die bepeinsing van die verborgenhede van die geloof". Die Griekse woord vir oefen is *askein* (later is die term askese hiervan afgelei).

VRUG VAN DIE GEES

In die hierdie geloofsoefening staan die werk van die Heilige Gees sentraal. Tewens, die vrug wat die Gees deur hierdie oefening werk, word in Galasiërs 5:22 die vrug van die Gees genoem. Opvallend: Die eerste vrug is liefde en die laaste (hoogste!) vrug is selfbeheersing.

Hoe lyk hierdie oefening prakties? Dit lê eerstens in omgang met God deur omgang met sy Woord. Hierdie omgang met die Woord hou in lees en herlees, as 't ware om te bad in die Woord, dit deel te maak van die persoonlike oefening elke dag en nie net om byvoorbeeld 'n preek te maak nie. By die lees van die Woord kom by die oefening van bepeinsing van die Woord. Hierdie hele oefening moet deurdrenk word met 'n lewe van gebed.

Slaag as bedienaar en druip as Christen? Bid vir ons om

eers kind van God te wees

en dan bedienaar van God

diensbaar in sy gemeente.